

19 Mei

Handelinge 2:1-4

Is die gemeentede lewende briewe?

Pinkster is die 50e dag van Paasfees. Pinkster is die dankdag van die oes. Pinksterfees bring hier die voltooiing van die werk van Christus op aarde.

"Daar kom skielik uit die hemel 'n geluid". Die geluid kom van bo, soos dié van geweldige rukwind. Wind is die teken van die Gees. Hier genoem 'n geweldige rukwind om krag te openbaar. Daarna word tonge vertoon soos van vuur. Tonge wat van buite af kom. Die tonge toon aan dat dit om die spraak gaan. Die Gees laat hulle in tale spreek. Na die tekens volg daar die uitwerking wat hierin uitgebeeld word. Hulle word vervul met die Heilige Gees.

Met die vervulling is die karakter van die gemeente verander. Die Heilige Gees het almal vervul, nie net die apostels nie. Die Heilige Gees wat die taak het om met woord en Gees die kerk van Christus te versamel, het nou in die gemeente kom woon. Hulle is vervul om te spreek sodat die wêreld ook moet weet dat iets nuuts in die wêreldgeskiedenis gebeur het. Christus het ons kinders van God gemaak.

Die vervulling se uitwerking was so groot dat hulle begin spreek het in ander tale soos die Gees aan hulle gegee het om te spreek. Die spreek is baie innig met die geloof verbind. Dit is 'n spreek na buite om die krag van die Heiland se versoeningsdaad uit te dra. Die Gees het hulle daartoe in staat gestel sodat elkeen die Evangelie in sy moedertaal kon aanhoor. Die kerk leef uit die krag van die Heilige Gees, sodat die lede die verantwoordelikheid het om 'n brief van Christus te wees. Die verantwoordelikheid lê daarin om die Evangelie uit te dra tot alle volke, tale en nasies, sodat elkeen kan hoor. Eers dan sal die einde kom. Is elkeen wat lid is van die kerk van Christus 'n lewende brief om die Evangelie so uit te dra?

Sing: Skrifberyming 14:1,2 Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)